

Hoofstuk van die dag: Psalm 145

> *Die Here is vir almal goed en barmhartig oor alles wat Hy geskep het. (vers 9)*

Ps 145 is ’n akrostiese psalm, dit wil sê die eerste letter van al die reëls spel saam die alfabet. Die digter doen dit

omdat hy God se lof op ’n omvattende manier wil besing. Dit is die A tot Z van God se goedheid wat besing word. En almal behoort elke dag oor alles aan dié lofprysing deel te neem.
Deel hiervan is dat ouers hulle kinders moet voorgaan in hierdie loflied (vers 4). Want geloof is net ’n enkele geslag diep. As jy nie jou kinders voorgaan in ’n lewe van lof tot God nie, sterf die geloof by jou. Vertel daarom vir jou kinders en kleinkinders van God en die wonderlike dinge wat Hy doen en gedoen het, sodat hulle saam met jou in verwondering voor Hom kan leef.
Wat die digter ook onderstreep, is dat dit nie net enkele witbroodjies van die Here is wat Hom kan loof nie (vers 9). Trouens, God het nie witbroodjies nie (of dan: ons is almal sy witbroodjies). Hy laat sy son opkom oor slegtes én goeies (Matt 5:45) en is naby almal wat Hom aanroep (vers 18).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026